

# DIE VERANDERING VAN DIE GRONDWET OM GRONDONTEIENING SONDER VERGOEDING MOONTLIK TE MAAK

## 1. Wie is ons?

Ons is 'n Christelike kerk wat sedert 1652 van Nederland op die Suid Afrikaanse bodem oorgeplant is. Ons verteenwoordig 'n groot aantal van die boere wat aktief in die landbou betrokke is. Ons is 'n kerk wat by baie maatskaplike projekte betrokke is. Negentig persent van ons maatskaplike aktiwiteite is op anderskleuriges gerig. Ons is deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in 2011 by wyse van haar Algemene Sinode verklaar het dat ons die ordelike en regverdige herverdeling van grond steun en ons lidmate toerus en bemagtig om nuwe boere te mentor om suksesvolle boere te wees.

## 2. Wat is die basis van ons voorlegging?

Hoe neem 'n mens 'n besluit? Hoe besluit 'n mens wat jy in 'n bepaalde situasie wil doen? Hoe besluit 'n mens of Artikel 25 van die Grondwet geskrap moet word?

Waar het hierdie idee vandaan gekom?

Geleerdes het lank gelede alreeds duidelik gemaak dat 'n mens jou dikwels oor dinge kan uitspreek sonder dat jy weet waarom jy so 'n standpunt inneem. 'n Mens se standpuntinnname word deur faktore (geestesmagte) beïnvloed, sonder dat 'n mens daarvan bewus is. Om goeie besluite te neem is dit noodsaaklik om te weet wat die basis van 'n mens se besluitneming is.

Ons het nie 'n wetenskaplike studie gemaak waar die gedagte van grondonteiening sonder vergoeding vandaar gekom het nie, tog kan ons twee moontlike bronne noem wat tot die gedagte aanleiding kon gee:

- o 'n Sosialisties-kommunistiese regeringstelsel bied nie ruimte vir privaatbesit nie en gee die staat die reg om enige grond na sy goeddenke te onteien.
- o Die regering van SA het vyf en twintig jaar ná hulle pogings om grondhervorming van stapel te stuur, met 'n skok besef dat hulle totaal in hulle pogings misluk het. Armoede, ongelykheid en werkloosheid het nie verminder nie en grondhervorming was ook nie suksesvol nie. Min boere wat grond ontvang het, het die kaart-en-transport akte van die grond gekry en suksesvol geboer. Die rede vir hierdie mislukking is aan die deur van Artikel 25 van die Eiendomsklousule van die Grondwet gelê<sup>1</sup>. Daar is voorgestel dat hierdie Artikel geskrap moet word om grondonteiening sonder vergoeding moontlik te maak.

### *Die basis van ons beskouing*

Ons beskou die Bybel as 'n riglyn vir ons lewe - 'n lamp vir ons voete en 'n lig op ons pad. In hierdie Boek hoor ons God se stem en word ons van ons eie (baie dikwels selfsugtige begeertes) bevry en verplaas na 'n ander wêreld, 'n wêreld waar ons geleer word om ander se belange net so, nee, belangriker as ons eie belange te ag. Dit is die maatskaf waaraan ons hele gedrag gemeet moet word.

---

<sup>1</sup> Agrisa's Christo van der Rheede Explains solutions to the land Reform issue: <https://www.youtube.com/watch?v=w7csyZTIJHI>

Dit help ons ook om ons eie motivering vir ons sienswyses en gedrag krities te beoordeel. Daarin leer ons ook dat ons ook verantwoording vir ons optrede en gedrag aan God verskuldig is.

Die Bybel spreek haar oor alle sake uit, nie alles oor alle onderwerpe nie, maar ten minste iets oor alles, ook oor grondbesit.

Dit help ons om te verstaan hoe die Skepper en Onderhouer van die wêreld waarin ons woon en werk oor grondbesit dink en hóé Hy wil hê ons daarmee moet omgaan. Omdat die meerderheid van die inwoners in Suid-Afrika Christene is, neem ons vrymoedigheid om ook hierdie perspektief aan u voor te hou.

Ons wil grondbesit aan die hand van die perspektiewe aan u voorhou, te wete:

- Wat sal ons graag wil hê moet met die Staat se grondhervormingsplanne gebeur?
- Ons bona-fides oop en bloot op die tafel.

Ons wil antwoorde gee op vrae soos:

- Waar kom die wêreld en alle grond vandaan? Aan wie behoort dit?
- Wat sê die Bybel oor grondbesit?
- Binne watter raamwerk moet grondbesit hanteer word?
- Is die onteiening van grond Bybels regverdigbaar?

### *Ons motiewe oop en bloot op die tafel*

Selfbedrog is 'n versoeking in situasies waarin morele besluite geneem word. Soms is die redes wat mense vir hulle besluite aanvoer, nie die regte redes nie en bloot rasionaliserings wat hulle ware motiverings versluier.

Ons wil nie teen die skapping van Artikel 25 van die Grondwet praat uit eiebelang of die groepsbelang van bestaande boere nie. Ons beywer ons vir die ordelike herverdeling van grond in Suid-Afrika.

### *Wat sal ons graag wil hê moet met die staat se grondhervormingsplanne gebeur?*

Private grondbesit is die grondslag van 'n gesonde ekonomie. Ons sal nie graag wil sien dat die huidige swak ekonomiese toestand van die land verder verswak nie en werksgeleenthede deur 'n roekelose onteiening van grond verlore gaan nie.

Ons sal nie graag wil sien dat voedselsekerheid as gevolg van die skapping van Artikel 25 van die Grondwet, in gedrang sal kom nie.

Ons sal nie graag wil hê dat die skapping van Artikel 25 van die Grondwet 'n hoë verwagting by sekere groepe skep en tot groot grondvergrype by bevolkingsgroepe lei nie.

Ons sal nie graag wil hê dat die skapping van Artikel 25 van die Grondwet groot onsekerheid by ons boeregemeenskap skep, wat hulle huiwerig maak om verder in die land te belê, met al die negatiewe gevolge wat dit kan meebring en wat tot verdere werksverliese kan lei, nie.

### *Waar kom die wêreld en alle grond vandaan? Aan wie behoort al die grond in die wêreld?*

Hoe die wêreld ontstaan het en hoe dit tot op hede voortbestaan, help 'n mens om 'n beter begrip vir die grondhervormingsprogram te kry.

Die beste verklaring vir die totstandkoming (skepping) van die wêreld se bestaan vind ons in God Drieënig se skeppingswerke. Ons bely dat die Vader die skepping deur sy twee hande, die Seun en die Heilige Gees geskep het. In dié proses het Hy Homself ingeperk en iets na vore gebring wat nie voorheen bestaan het nie. God se skeppingsaksie is anders as die artikels wat 'n pottebakker voortbring. Hy het uit niks geskep - in die sin dat daar geen magte was wat Hom in die proses beïnvloed het, hoe Hy dit moes doen en hoe die kepping uiteindelik moes lyk nie.

God het die skepping ook nie in een oomblik klaar geskep nie. Die wêreld is nie 'n statiese substansie, wat volledig is wat dit behoort te wees nie. Dit het 'n inherente potensiaal wat nog ontsluit en ontwikkel moet word. Dit laat ruimte dat daar 'n onvoorspelbaarheid in die natuur bestaan.

God versorg die skepping en hou dit in stand. Hy is voortdurend daarby betrokke met 'n eie persoonlike agenda om die skepping te begelei. Hierdie stelling is nie 'n wetenskaplike uitspraak wat empiries bewysbaar is nie. Dit vra 'n besondere vorm van insien, waar 'n mens deur sy/haar geloofsoë op 'n bepaalde manier na die wêreld kyk.

God voeg sy krag by die geskape kragte wat Hy in die natuur ingebou het om die natuur staande te hou en te ontwikkel. Die relatiewe selfstandigheid wat in die natuur ingebou is, maak dit vir die aarde moontlik om vrugte op te lewer (Gen 1: 24). Vanuit 'n skeppingspersektief gesien, is elke oes 'n natuurlike saak wat gebeur, maar vanuit God se betrokkenheid by die natuur gesien, gee Hy goeie oeste deurdat Hy boere se aktiwiteite inspan om kos te produseer.

God is dus die eintlike eienaar en besitter van elke stukkie grond en die mens 'n instrument waardeur Hy die wêreld wil voed.

In die volgende paragraaf gaan daar teologies oor die reg van privaatbesit besin word.

### **3. Hoe dink mens teologies oor private eiendomsbesit?**

Binne die Christengemeenskap is daar twee teenoorgestelde opinies oor privaat grondbesit, argumente teen grondbesit en argumente vir privaat grondbesit.

#### *Argumente teen privaatbesit*

Teoloë soos Jennings<sup>2</sup> betwyfel die moontlikheid dat private eiendomsbesit 'n Bybelse konsep kan wees. Hy voer aan dat private besit negatiewe gevolge het:

- Grondbesitters kan maklik vergeet wie die werklike Eienaar van alle grond is.
- Private grondbesit kan veroorsaak dat grond maklik bloot as 'n kommoditeit (verbruikersmiddel) beskou word.
- Private grondbesit kan grondloses isoleer van 'n lewe wat in noue verbintenis met die aarde plaasvind.

---

<sup>2</sup> Jennings, W 2018. Rootedness: Beyond skin deep: [https://www.youtube.com/results?search\\_query=JENNINGS+2012+THEOLOGY](https://www.youtube.com/results?search_query=JENNINGS+2012+THEOLOGY)

Rasseskeiding is in die praktyk in Suid-Afrika deur geografie bewerkstellig. Die feit dat sommige swart mense teen hulle wil na ander gebiede verskuif is en nie toegelaat is om grond te koop op die plek waar hulle graag wou woon nie, het aan die konsep van private eiendomsreg 'n verdere negatiewe betekenis gegee. Jennings (2018) sê dat dit 'n geografiese wond aan baie mense besorg het.

Verder word daar na die Vroeë Kerk verwys waar die gelowiges al die besittings onderling onder mekaar verdeel het en private grondbesit nie meer gefunksioneer het nie (Bradley 2013).

### *Argumente vir privaat besit van grond*

- Die verkeerde toepassing van private grondbesit het nie 'n Bybelse siening oor die konsep op nie.
- Die agste en tiende gebod in die Dekaloog (tien geboeie), is die sterkste argument vir privaat grondbesit<sup>3</sup>. 'n Mens kan nie iemand se grond steel of begeer as dit nie aan iemand anders behoort nie.
- In die Bybel is God die grondeienaar. Die aarde behoort aan Hom (Ps 24, 90, 22:19). Die Ou Testament laat ruimte vir 'n beperkte grondbesit wat op 'n huurpagbesit neerkom. Die grondbesitters kon onder die volgende voorwaardes grond gebruik: Koringare wat in die oesproses verloor is, moes op die land gelos word sodat dit deur mense in nood opgetel kon word (Lev 19: 9-10). Die grond moes elke sewende jaar rus (Lev 25: 2-7). Daar moes na elke vyftigste jaar 'n herverdeling van die grond plaasvind sodat mense wat hulle grond verloor het, dit weer kon terugkoop (Lev 25).
- God het middele gebruik (die lot Jes 34:17 en 'n lyn Mig 2:15) om die land tussen die Israeliete te verdeel.
- Wanneer daar na die Ou Testamentiese praktyk oor grondbesit gekyk word, merk ons die volgende:
  - Die koning het baie grond gehad.
  - Die grond het aan die stamme behoort, wat dit aan sy inwoners onderverdeel het.
  - Die oudste seun kon die grond van sy pa erf.
- Grond is vrywillig en onder druk verkoop (wanneer 'n grondeienaar nie sy skuld kon betaal nie). Die leviraatshuwelik het nie alleen daartoe gehelp dat die naam van 'n pa nie sou uitsterf nie, dit het ook gehelp dat 'n familie nie van sy grond vervreem sou word nie.
- Die oordrag van grond is met 'n simboliese handeling (vgl Rut 4:7) vergesel. Familiegrond het dikwels in die hande van ryk grondeienaars gekom (Jes 5:8).

Uit die voorafgaande gegewens kan geredeneer word dat boere 'n *relatiewe grondbesit* gehad het. Hierdie soort grondbesit maak ruimte daarvoor om God aan die een kant as die eintlike eienaar van alle grond te erken, terwyl die eiendomsreg aan die ander kant vir boere ruimte gebied het om hulle taak en roeping doeltreffend op die grond uit te oefen.

Private eiendomsbesit, wat op roekelose winsbejag neerkom en sekere mense ten koste van ander bevoordeel, moet bevaagteken word. Konkreet gesê: Ryk boere wat die grond van sukkelende opkomende boere teen 'n winskoop opraap, se optrede beantwoord nie aan die norm van geregtigheid

---

<sup>3</sup> Bradley, A 2019. Is Private Property Biblical: <https://www.Youtube.com/ressults?search-quer=BRADLEY+2013+PRIVATE+>

nie. Dit is ook 'n vraag of grond wat vir 'n grondeienaar se gerief, gemak of finansiële voordeel bekom is en opkomende boere uitsluit om die landbou te betree, eties regverdigbaar is<sup>4</sup>.

Die gebruik van die Vroeë Kerk om grond uit te deel was nie 'n eis waaraan voldoen moes word nie. Dit was 'n vrywillige respons van die grondbesitters om ander gelowiges wat in nood is, te help. Die praktyk het ook nie lank gehou nie.

#### **4. Wat is die doelwitte en gevolge van die skraping van Artikel 25 van die Grondwet?**

In die oorweging vir die skraping van die Artikel moet die vraag gevra word: watter doelwit moet nagestreef word? Van der Rhee (2018), het oortuigend aangetoon dat die Regering se grondhervormingspogings misluk het. Die regering het die bestaan van Art 25 van die Grondwet as rede vir hierdie mislukking gegee. Regter E Cameron lewer egter in Augustus 2019 'n uitspraak wat die paneel se siening bevraagteken. Hy voer aan dat die wanfunksionele staatsdepartemente die oorsaak is vir die onsuksesvolle grondhervorming en dat die verandering van die Grondwet nie 'n oplossing van die grondhervormingskrisis sal bied nie.

Die Motlanthe-verslag<sup>5</sup> stel dit duidelik dat die regering nie die voorskrifte wat reeds in die Grondwet is om grond in sekere omstandighede onder markwaarde te bekom, benut het nie. Hulle beveel aan dat die regering sy huidige onteieningsmagte sal gebruik en dat howe toegelaat sal word om vas te stel hoe vergoeding bepaal sal word.

Oud-president Motlanthe se verslag bevestig die belangrikheid van private eienaarskap. Eienaarskap moet beskerm word sodat dit ruimte vir 'n gesonde ekonomie kan skep. Die Wêreldbank bring in 2012 'n verslag uit wat die verhouding tussen doeltreffende ekonomiese aktiwiteite en die sekerhede van langtermyn verhandelbare eiendomsreg beklemtoon<sup>6</sup>. Banke aan wie boere bykans 170 miljard rand skuld, spreek ook hulle misnoeë uit oor die voorstelle van die Regering. Hulle beklemtoon dat die reg tot private grondbesit die grondslag van 'n gesonde ekonomie is.

Grondhervorming moet binne 'n rasonale raamwerk en 'n deursigtige regsproses plaasvind. Privaat grondeienaarskap moet deur wetgewing beskerm word. Indien die Artikel geskrap sou word, sou hierdie beginsel nie tot sy reg kom nie.

Daar moet in die oorweging van hierdie besluit oorweeg word watter *gevolge* die skraping van die besluit sou meebring.

Boere-organisasies waarsku dat voedselkerheid deur die aanvaarding van die voorstelle in gedrang sal kom. Zimbabwe is 'n sprekende bewys van wat kan gebeur met die implementering van so 'n voorstel. Aan die ander kant kan dit ook groot onsekerheid by boere skep, wat hulle kan verhoed om verder in die land te belê, met al die negatiewe gevolge wat dit kan meebring en wat tot verdere werksverliese kan lei. Verantwoordelike skrywers waarsku verder teen die chaotiese uitwerking wat dit op die

---

<sup>4</sup> Nel, (2014:86)

<sup>5</sup> Interview with Mr Kgalema Motlanthe, Chair of High Level Panel:  
<https://www.Youtube.com/watch?v=Nmpens15evs.en>

<sup>6</sup> Vorster (2019:34). Die waarde van produktiewe grond nie in die spervuur nie - Die Landbou Weekblad. Sept 2019, p34.

veiligheidsituasie in die land kan hê. M Skwatsha waarsku dat die grondkwessie in opportunistiese ontvaard<sup>7</sup> en Crosby<sup>8</sup> wys op die gevaar dat gronduitsettings 'n vloekwoord kan word as onrealistiese verwagtings geskep word wanneer daar aan private eiendomsreg gepeuter word.

### **5. Kan grondbesit van eienaars ontnem word? Wat is die etiese oorwegings?**

Die Israel verhaal word as voorbeeld geneem om 'n Bybelse antwoord op die vraag te gee of grondonteiening Bybels verantwoordbaar is. In die Ou Testament lees ons van Heilige oorloë waar Israel onder God se bevel die beloofde land ingeneem het en 'n grondgebied vir hulleself opgeëis het.

Hierdie daad mag egter nie as bewyse gebruik word om die inbesitname van ander se grondgebied te regverdig nie. Hierdie praktyk moet binne God se heilsgeskiedenis verstaan word en nie maklik as Skrifbewys gebruik word om grondoornames te regverdig nie. Binne die verlossingsgeskiedenis word geweld gebruik om God se oordeel oor die Kanaäniete te voltrek. Ons het hier te doen met tekste om God se regverdige oordeel oor die onreg wat die Kanaäniete gepleeg het, te verduidelik en nie met tekste van geweld en die geo-politiese posisie van Israel nie.

Om hierdie skrifgedeeltes hermeneuties die beste vir ons tyd te verstaan, maak dit sin om tussen die diskontinuiteit en kontinuïteit, die tussen die destydse Israel en ons omstandighede vandag te onderskei.

#### *Diskontinuiteit*

Israel het 'n besondere rol in God se heilsgeskiedenis gehad. Hulle bestaan en voortbestaan het afgehang van 'n besondere taak wat aan hulle toevertrou is. Hulle moes 'n seën vir die nasies en 'n sentripetale krag in die wêreld wees, deur die nasies deur hulle leefwyse na Jahweh, die enigste ware God te trek. Die land wat hulle ingeneem het, was God se land. Dit het geen geo-politiese en nasionalistiese betekenis vir Israel ingehou nie. Toe hulle in gebreke gebly het om daaraan gehoorsaam te wees, het hulle hul land verloor en is die staat vernietig. Die diepere godsdienstige eenheidsband wat daar tussen hulle bestaan het, het egter veroorsaak dat hulle voortbestaan het, selfs toe hulle van hulle land ontnem is en die staat vernietig is.

#### *Kontinuïteit*

Hierdie tekste het egter nog steeds betekenis vir ons vandag, daarom hoort dit in die Bybel en moet daarvoor besin word. Die kontinuïteit met hierdie skrifgedeeltes en ons omstandighede vandag, lê veral op drie terreine, te wete:

- Net soos Israel, is ons lewe ingebed in ons bestaan op die aarde. Ons is mense wat in 'n sekere tydverloop in 'n bepaalde ruimte (Suid-Afrika) lewe. In ons verbondenheid aan die aarde, het ons spesifieke grond nodig om te bestaan en te lewe.
- Jesus Christus het nie alleen God by ons verteenwoordig om sy hartklop aan ons te demonstreer nie. Hy was ook God se geskenkte verteenwoordiger, om Israel se mislukte pogings om God se

---

<sup>7</sup> Skwatsha (2019:12) Grondkwessie ontvaard in opportunistiese in Landbou Weekblad 13 Sept 2009, p12.

<sup>8</sup> Crosby (2019:33) Keer dat uitsetting 'n vloekwoord word. Landbou Weekblad. 18 Okt 2019, p33.

liefdeswil in die wêreld sigbaar te maak, uit te voer. Waar Israel ingebreke gebly het, het Hy in hulle plek ingetree en dit namens hulle gedoen.

- Voor Sy hemelvaart het Jesus Sy kerk, al sy dissipels (gelowiges) opdrag gegee om by die uitvoering van Sy liefdeswil op aarde in te skakel. Elke gelowige is 'n instrument in God se hande om 'n spesiale taak te verrig. Die grond waarop elke boer boer is middele om God se doelwitte op aarde uit te voer.

Die kerkvader Augustinus het lank gelede gesê dat die probleem nie by private besit lê nie, maar by die manier waarop eiendom gebruik word.

Die Israelverhaal leer dat grondbesit nie 'n saak van permanensie is nie. Boere het geen waarborg dat die grond permanent in hulle besit sal bly nie. Op hierdie grond het hulle 'n besondere taak: nie alleen om die grond te bewerk en te bewaar nie, maar ook om God se lof te verkondig. Wanneer hulle in gebreke bly om dit te doen, kan God, net soos in Israel se geval, toelaat dat die grond van hulle ontnem word. Die troos is egter dat God se trou nie teenoor hulle sal ophou nie en dat hulle sonder hulle grond sal kan bestaan.

## **6. Gebed**

Wanneer 'n besluit geneem word, moet dit op 'n omvattende evaluering van opsies plaasvind. Die Nederduits Gereformeerde Kerk Vrystaat, onderneem om te bid dat die Here God vir u as Taakspan, leiding en onderskeidingsvermoë sal gee om die regte besluit oor hierdie belangrike saak te neem.

## **7. Opsomming**

Grondhervorming moet binne 'n rasionele raamwerk plaasvind waar die regsbeginsels op 'n deursigtige wyse toegepas word. Die erkenning van private grondeienaarskap moet deur wetgewing vas gelê word.

Indien Artikel 25 van die Grondwet geskrap sou word, sal hierdie beginsels nie tot sy volle reg kom nie.

**Dr Pieter van Heerden**

**Voorsitter: Sinodale Taakspan vir Aktuele en Leerstellige sake (STALS)**

**Januarie 2020**